POLICY 013/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP : AANVRA VAN DONASIES, BORGE EN SKENKINGS BELEID

VERWYSING : 5.15.B

BESLUIT NR : 15/05.1/2015 (SRV) DATUM: 13 Mei 2015

BELEIDSOOGMERK: Om die aanvra van donasies, borge en skenkings vir Raadsprojekte te orden.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om finansiële beheer moontlik te maak.

RIGLYNE
1. Dat slegs die Burgemeester tesame met Munisipale Bestuurder magtiging vir die aanvra van donasies, borge of skenkings verleen, welke magtiging vooraf verkry moet word.

2. Waar donasies van bronne van elders ontvang word, moet die donasies skriftelik bevestig word.

3. Dat die Donasieboek(e) by die Argief geberg word vir die uitreiking teen handtekeninge nadat beide die Burgemeester en die Munisipale Bestuurder die projek goedgekeur het.

4. Dat alle aankope deur middel van die Voorsieningskanaalprosesse moet geskied.

PROSEDURE
1. Dat Donasieboeke vir Oudit- en rekorddoeleindes, volledig voltooi word.

2. Dat, indien rekeninge aan instansies gelewer moet word, die Hoof Finansiële Beampte, wat die bedrag deur middel van die Diverse Debiteurestelsel sal hef, skriftelik daarvan verwittig word.

3. Dat ‘n Afwagrekening geskep word waarop alle transaksies teboek gestel moet word.

4. Dat, na afhandeling van die geleentheid, ‘n verslag wat ‘n volledige Inkomste- en Uitgawestaat bevat, aan die betrokke amptenaar se Bestuurshoof of die Munisipale Bestuurder voorgelê word.

ROLLE
Die Burgemeester, Munisipale Bestuurder, Direkteure, Interne Oudit, Argief, Hoof Finansiële Beampte en alle amptenare betrokke.

VERWANTE BELEID
Geen.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.